

<b>1</b>	<b>Woordomskrywings</b>	<b>3-1</b>
<b>2</b>	<b>Onbehoorlike gedrag en strawwe</b>	<b>3-2</b>
<b>3</b>	<b>Metode van ondersoek van bewerings van onbehoorlike gedrag</b>	<b>3-6</b>
<b>4</b>	<b>Prosedure by verhore</b>	<b>3-8</b>
	<b>Bylaag A: Vorm van kennisgewing</b>	<b>3-14</b>
	<b>Bylaag B: Vorm van dagvaarding</b>	<b>3-15</b>

# DISSIPLINÊRE REËLS

*Hierdie reëls het op 1 Julie 1990 in werking getree. Alle vorige reëls, insluitend die wat in die Staatskoerant gepubliseer is, word hiermee onttrek.*

## 1 WOORDOMSKRYWINGS

In hierdie Reëls beteken –

- 1.1 “Dissiplinêre Komitee” die Komitee wat deur die Raad ingestel is ooreenkomstig die bepalings van artikel 10(1) van die Wet en aan wie die Raad sy bevoegdhede oorgedra het om gevalle van beweerde onbehoorlike gedrag te ondersoek en om strawwe ten opsigte daarvan op te lê;
- 1.2 “firma” ’n alleenpraktisyn, of ’n aantal praktisyns in vennootskap wat openbare praktyk beoefen;
- 1.3 “Kode” die *Professionele gedragskode* wat deur die Raad gepubliseer is kragtens die bevoegdhede aan hom verleen ingevolge artikels 13 en 23 van die Wet;
- 1.4 “leerlingrekenmeester” ’n persoon wat onder ’n opleidingskontrak dien en dit word uitgelê as sou dit ’n verwysing insluit na ’n ingeskrewe klerk;
- 1.5 “Ondersoekkomitee” die Komitee wat deur die Raad ingestel is ooreenkomstig die bepalings van artikel 10(1) van die Wet en aan wie die Raad sy bevoegdhede oorgedra het om gevalle van beweerde onbehoorlike gedrag te ondersoek en om strawwe ten opsigte daarvan op te lê;
- 1.6 “opleidingskontrak” ’n geskrewe kontrak aangegaan op die voorgeskrewe vorm en by die Raad geregistreer, waardeur ’n leerlingrekenmeester behoorlik verplig is om ’n firma vir ’n vasgestelde tydperk te dien en daarop geregtig is om opleiding te ontvang in die praktyk en professie van ’n openbare rekenmeester en ouditeur, en dit word uitgelê as sou dit ’n verwysing insluit na ingeskrewe klerkskap;
- 1.7 “Praktisyn” beteken ’n persoon wat ingevolge hierdie Wet as ’n rekenmeester en ouditeur geregistreer is, *of wat op daardie tydstip toe die beweerde onbehoorlike gedrag plaasgevind het so geregistreer was*, hetsy in openbare praktyk al dan nie;<sup>3</sup>
- 1.8 “Raad” die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad wat ooreenkomstig Wet 80 van 1991 ingestel is;
- 1.9 “Reëls” die *Dissiplinêre reëls* soos voorgeskryf ingevolge artikel 13(1)(h)(i) van die Wet;
- 1.10 “sekretaris” die sekretaris van die Raad en dit word uitgelê as sou dit ’n verwysing insluit na die Direkteur: Regskundig van die Raad;

- 1.11 “Wet” die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs*, 1991 (Wet 80 van 1991), en ’n betekenis wat in die Wet geheg is aan enige uitdrukking word geag die betekenis aldus daaraan geheg te hê wanneer dit in hierdie Reëls gebruik word.

## 2 ONBEHOORLIKE GEDRAG EN STRAWWE

- 2.1 Met dien verstande dat die Raad kragtens artikel 23 van die Wet bevoeg is om ondersoek in te stel na enige klagte, aanklag of bewering wat aan hom voorgelê word, en dit te hanteer, en om enigeen van die strawwe hieronder ten opsigte van onbehoorlike gedrag uiteengesit, op te lê, en met dien verstande voorts dat die handeling of versuime in die paragrawe van hierdie reël vermeld, nie bedoel is ’n volledige lys van handeling of versuime te wees wat onbehoorlike gedrag kan uitmaak aan die kant van ’n praktisyn en wat strafbaar is ingevolge die bepaling van hierdie reël nie, is enige praktisyn skuldig aan onbehoorlike gedrag indien hy/sy –

2.1.1 enige bepaling van die Wet waaraan dit sy/haar plig is om te voldoen, oortree of versuim om daaraan te voldoen;

2.1.2 enige bepaling van enige ander Wet waaraan dit sy/haar plig is om te voldoen in sy/haar hoedanigheid as rekenmeester en ouditeur van ’n onderneming of by die verrigting van werk van ’n aard wat gewoonlik deur ’n geregistreerde rekenmeester en ouditeur gedoen word, oortree of versuim om daaraan te voldoen;

2.1.3 enige oortreding begaan waarby oneerlikheid betrokke is, en in die besonder (maar sonder dat afbreek gedoen word aan die algemene toepassing van die voorgaande) diefstal, bedrog, vervalsing of die uitgifte van ’n vervalste dokument, meened, omkoperij of korrupsie;

2.1.4 oneerlik is in die uitvoering van enige werk of pligte wat op hom/haar rus in verband met –

2.1.4.1 enige werk van ’n aard wat gewoonlik deur ’n praktisyn gedoen word; of

2.1.4.2 enige vertrouensamp wat hy/sy onderneem of aangeneem het;

2.1.5 sonder redelike oorsaak of verskoning en behoudens die voorbehoudsbepaling van artikel 20(8) van die Wet, versuim om enige werk of pligte wat gewoonlik deur ’n praktisyn uitgevoer word, met sodanige mate van omsigtigheid en bedrewenheid uit te voer as wat volgens die Raad se oordeel redelikerwys verwag kan word, of geheel en al versuim om die werk of pligte uit te voer;

2.1.6 met die doel om enige belasting, reg, heffing of plaaslike belasting hoegenaamd (of dit aan die Regering of aan ’n provinsiale administrasie of aan ’n plaaslike owerheid of aan enige ander liggaam of owerheid in die Republiek betaalbaar is) te ontduik of om ’n ander persoon te help om dit te ontduik –

- 2.1.6.1 wetens of roekeloos enige valse verklaring (hetsy sodanige verklaring mondeling of skriftelik geskied) opstel of maak, of 'n ander persoon help om dit op te stel of te maak; of
- 2.1.6.2 enige valse verklaring in verband daarmee roekeloos, of wetens dat dit vals is, onderteken; of
- 2.1.6.3 wetens of roekeloos, enige valse rekeningboeke opstel of hou;
- 2.1.7 versuim
  - 2.1.7.1 om alle geld wat in die loop van sy/haar professionele praktyk in sy/haar besit of onder sy/haar beheer kom en waarvan hy/sy aan 'n kliënt of enige ander persoon rekenskap verskuldig is, in 'n rekening of rekeninge, afsonderlik van sy/haar eie rekening en onder 'n gepaste naam, by 'n instelling of instellings geregistreer kragtens die bepalings van die *Bankwet*, 1990 (Wet 94 van 1990) te hou (welke rekening of rekeninge 'n algemene rekening op sy/haar naam kan wees of spesifieke rekeninge van die betrokke kliënte of enige persoon aan wie hy/sy rekenskap verskuldig is); of
  - 2.1.7.2 om, in die geval van ander eiendom as geld wat in die loop van sy/haar professionele praktyk in sy/haar besit of onder sy/haar beheer kom en waarvan hy/sy aan 'n kliënt of enige ander persoon rekenskap verskuldig is (met inbegrip van, maar sonder beperking, trusteiendom wat uitdruklik in die naam van 'n rekenmeester en ouditeur in openbare praktyk of gesamentlik in die naam van 'n rekenmeester en ouditeur in openbare praktyk en enige ander persoon in sy, haar of hulle hoedanigheid van administrateur, trustee, kurator of agent, na gelang van die geval, geregistreer is), sodanige rekords te hou as wat volgens die Raad se oordeel redelikerwys verwag kan word om te verseker dat sodanige eiendom geredelik as die eiendom van sodanige kliënt of ander persoon uitgeken kan word;
- 2.1.8 aan 'n derde party vertroulike inligting wat hy/sy moontlik in die loop van sy/haar professionele betrekkinge met 'n kliënt of werkgewer ingewin het, met inbegrip van inligting wat hy/sy ingewin het aangaande die besigheidsake, handelsgeheime of tegniese metodes of prosesse van sodanige kliënt of werkgewer, meedeel, hetsy mondeling, skriftelik of andersins, tensy sodanige kliënt of werkgewer (of in die geval waar sodanige kliënt of werkgewer oorlede is, die eksekuteur van sy/haar boedel) uitdruklik toegestem het dat sodanige inligting aldus meegedeel word, of tensy die rekenmeester en ouditeur by wet verplig word om dit aldus mee te deel, of tensy die rekenmeester en ouditeur

dit te goeder trou aan die Raad meedeel ten einde die Raad in staat te stel om te oorweeg of hy enigeen van die bevoegdheids, pligte of werksaamhede wat ingevolge die Wet of hierdie reëls aan hom verleen of opgedra is, moet uitvoer;

- 2.1.9 gelde, vorderings of ander teenprestasie vra of vasstel of probeer vra, vasstel of verhaal, of 'n ooreenkoms aangaan of hom/haar op enige manier assosieer met 'n ander persoon met die doel om gelde, vorderings of ander teenprestasie te vra, vas te stel of te verhaal vir professionele dienste of dienste van 'n aard wat gewoonlik deur 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur verrig word, wat hy/sy gelewer het of moet lewer, wat óf geheel óf gedeeltelik enigszins afhang van die resultate van sodanige dienste: Met dien verstande dat hierdie reël nie op die volgende van toepassing is nie:
- 2.1.9.1 Gelde vasgestel of getakseer deur die gepaste owerheid ten opsigte van die verpligte likwidasië of geregtelike bestuur van enige maatskappy of die bereddering van die boedel van 'n afgestorwe of insolvente persoon of 'n persoon met 'n ander regsonbevoegdheid en gelde vasgestel deur 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur ten opsigte van die vrywillige likwidasië van enige maatskappy op die basis van die gelde wat verhaalbaar sou gewees het indien die likwidasië 'n verpligte likwidasië was;
- 2.1.9.2 Kommissie betaal aan 'n eksekuteur, kurator, administrateur of agent waarvan die bedrag gebaseer is op die inkomste deur hom/haar ingevorder;
- 2.1.9.3 Gelde betaal aan 'n direkteur van 'n maatskappy waarvan die bedrag op die dividende verklaar of die winste verdien deur sodanige maatskappy gebaseer is;
- 2.1.9.4 Besoldiging betaal aan 'n bestuurder van 'n saak waarvan die bedrag op 'n persentasie van die verdienste of winste van sodanige saak gebaseer is;
- 2.1.9.5 Kommissie betaal ten opsigte van enige tipe versekeringsbesigheid of ten opsigte van die verkoop van roerende of onroerende goed of ten opsigte van die invordering van skulde of ten opsigte van die aangaan van lenings;
- 2.1.9.6 Die hef van gelde wat afhang van die resultaat van 'n professionele diens waar die heffing van sodanige gelde toegelaat word deur die Kode, en verder in ooreenstemming is met enige beperkinge wat deur die Kode opgelê is;
- 2.1.10 sonder die toestemming van sy/haar kliënt regstreeks of onregstreeks enige beloning beding of ontvang van enige derde party (uitgesonderd 'n persoon wat kragtens die Wet as 'n rekenmeester en ouditeur

- geregistreer is en wat 'n openbare praktyk beoefen of 'n persoon wat buite die Republiek as 'n rekenmeester en ouditeur praktiseer) vir enigiets wat deur hom/haar gedoen is in die loop van of in verband met die dienste deur hom/haar aan sodanige kliënt gelewer;
- 2.1.11 toelaat dat sy/haar naam gebruik word in verband met 'n raming van verdienstes wat van toekomstige transaksies afhang, op 'n wyse wat die mening kan laat ontstaan dat hy/sy vir die juistheid van die raming instaan;
- 2.1.12 Probeer om óf voor óf gedurende die tydperk van 'n leerlingrekenmeester se opleiding enige beperkings hoegenaamd op te lê op die betrokke leerlingrekenmeester wat na die datum van verstryking van die opleidingstydperk van toepassing sal wees, of sodanige beperking na sodanige datum afdwing of dreig of probeer om dit af te dwing. *Die bepaling van hierdie reël sal egter nie so van toepassing wees dat dit 'n praktisyen verbied om te probeer om 'n leerlingrekenmeester vir 'n tydperk van nie meer as een jaar nie vanaf die datum waarop die leerling ophou om in die diens van die praktisyen te staan, daarvan te weerhou om –*
- 2.1.12.1 *professionele werk vanaf 'n bestaande kliënt van die praktisyen te werf of om 'n aanstelling van enige aard van 'n bestaande kliënt van die praktisyen te aanvaar in omstandighede waarin die praktisyen skriftelik bevestig het dat daar geen professionele of ander redes is waarom hy nie die aanstelling behoort te aanvaar nie*;
- 2.1.13 regstreeks of onregstreeks enige betaling, beloning, vergoeding of teenprestasie as voorwaarde stel vir of ontvang van 'n leerlingrekenmeester gedurende of na die opleidingskontraktydperk, of van enige ander persoon vir instemming tot die kansellering van sodanige opleidingskontraktydperk: Met dien verstande dat dit nie as 'n oortreding van hierdie reël beskou word nie indien 'n praktisyen terugbetaling verlang of ontvang van uitgawes deur hom aangegaan aan die Raad in verband met die registrasie van opleidingskontrakte wat later gekanselleer word, en indien hy/sy tot bevrediging van die Raad bewys van sodanige uitbetalings kan lewer;
- 2.1.14 versuim om te antwoord of op toepaslike wyse binne 'n redelike tydperk te handel met enige korrespondensie of ander vorms van kommunikasie vanaf die Raad of enige ander persoon wat 'n antwoord of ander respons benodig;
- 2.1.15 versuim om binne 'n redelike tydperk te voldoen aan 'n bevel, vereiste of versoek van die Raad;
- 2.1.16 sonder redelike oorsaak versuim om te bedank van 'n professionele aanstelling wanneer dit deur die kliënt versoek word;
- 2.1.17 versuim om na aandrag van die Raad enige intekengelde of enige fooi, heffing of ander koste betaalbaar aan die Raad, te betaal;

- 2.1.18 sy/haar praktyk verlaat sonder tydige kennisgewing aan sy/haar kliënte en sonder om met hulle ooreen te kom oor die afhandeling van hulle sake of die versorging van hulle eiendom in sy/haar besit of beheer;
  - 2.1.19 werk aanbied of werf, of adverteer vir werk op enige wyse wat nie deur die Kode toegelaat word nie;
  - 2.1.20 sonder redelike oorsaak of verskoning enige voorskrifte van die Kode oortree of nalaat om dit na te kom; of
  - 2.1.21 hom/haar op 'n wyse gedra wat onbehoorlike of oneerbare of onprofessionele of onwaardige gedrag vir 'n praktisyn is, of wat die beroep tot oneer strek, of wat tot die diskrediet van die beroep lei.
- 2.2 Onbehoorlike gedrag deur die leerlingrekenmeester sal enige gedrag insluit wat onbehoorlik sou gewees het indien dit deur 'n praktisyn begaan is.
- 2.3 'n Praktisyn sal, wanneer hy/sy skuldig bevind is aan 'n klag van onbehoorlike gedrag, onderhewig wees aan een of meer van die volgende strafmaatreëls:
- 2.3.1 'n Waarskuwing;
  - 2.3.2 'n Berisping;
  - 2.3.3 'n Boete van hoogstens *R150 000*<sup>1</sup>;
  - 2.3.4 Vir 'n tydperk wat deur die Dissiplinêre Komitee vasgestel is, van praktyk geskors;
  - 2.3.5 Verwydering van sy/haar naam van die register van rekenmeesters en ouditeurs; of
  - 2.3.6 Gekwalifiseerde, tydelike of permanente diskwalifikasie vir registrasie as 'n rekenmeester en ouditeur.
- 2.4 'n Leerlingrekenmeester sal, wanneer hy/sy skuldig bevind is aan 'n klag van onbehoorlike gedrag, onderhewig wees aan een of meer van die volgende strafmaatreëls:
- 2.4.1 'n Waarskuwing;
  - 2.4.2 'n Berisping;
  - 2.4.3 'n Boete van hoogstens *R150 000*<sup>1</sup>;
  - 2.4.4 Kansellasie van sy/haar opleidingskontrak;
  - 2.4.5 Permanente diskwalifikasie vir registrasie as 'n leerlingrekenmeester.
- 2.5 Waar die Onderzoek- of die Dissiplinêre Komitee
- 2.5.1 'n boete oplê ooreenkomstig reëls 2.3.3 of 2.4.3 mag die Komitee die betaling van die boete, of enige gedeelte daarvan, opskort op sodanige voorwaardes as wat dit mag besluit;
  - 2.5.2 'n straf oplê ooreenkomstig reëls 2.3.4, 2.3.5 of 2.4.4 mag die Komitee die uitvoering van die straf opskort, op sodanige voorwaardes as wat dit mag besluit.

### **3 METODE VAN ONDERSOEK VAN BEWERINGS VAN ONBEHOORLIKE GEDRAG**

- 3.1 Die Ondersekkomitee sal enige klag oorweeg wat onder die aandag daarvan

gebring word deur die Direkteur: Regskundig en wat *prima facie* blyk daarop te dui dat 'n praktisyn of leerlingrekenmeester wat as sodanige kragtens die Wet geregistreer is of was (hierna die beskuldigde genoem) aan onbehoorlike gedrag skuldig mag gewees het terwyl hy/sy aldus geregistreer was.

- 3.2 In enige geval waar die Direkteur: Regskundig *prima facie*-bewys in sy/haar besit het dat sodanige persoon enigeen van die bepalinge van reëls 2.1 of 2.2 oortree het, kan hy/sy na goeë dunnke, voordat die saak onder die aandag van die Ondersoekkomitee gebring word, die beskuldigde skriftelik verwittig van die aard van die gedrag aan hom/haar toegeskryf en hom/haar die geleentheid gee om binne 30 dae na die datum van sodanige kennisgewing 'n skriftelike verduideliking te verstrek, en hom/haar terselfdertyd waarsku dat sodanige verduideliking of antwoord as getuieis teen hom/haar gebruik kan word.
- 3.3 Die Ondersoekkomitee mag, uit eie beweging, die magte onder hierdie Reëls uitoefen, nietaenstaande die afwesigheid van 'n klag, in welke geval die bepalinge van reël 3.8 sal geld.
- 3.4 Tensy die Ondersoekkomitee anders besluit, sal 'n klag in die vorm van 'n beëdigde verklaring ingebring word. Die spesifieke handeling of versuim waaroor gekla word, moet uitvoerig en uitdruklik daarin uiteengesit word en by die sekretaris ingedien word.
- 3.5 Die Ondersoekkomitee mag van 'n klaer vereis om op 'n beëdigde verklaring enige verdere inligting ten opsigte van enige aspek van die klag te verstrek.
- 3.6 Die Ondersoekkomitee sal nie verplig wees om die bron van 'n klag bekend te maak nie.
- 3.7 By ontvangs van 'n klag in 'n geval waar die Ondersoekkomitee van mening is dat die klag nie op 'n *prima facie*-saak van onbehoorlike gedrag dui nie, of waar die klaer versuim het of weier om aan die vereistes van hierdie Reëls te voldoen, kan die Komitee dit afwys en die klaer dienooreenkomstig verwittig.
- 3.8 By ontvangs van 'n klag mag die Ondersoekkomitee, indien dit van mening is dat daar oortuigende gronde vir 'n *prima facie*-saak van onbehoorlike gedrag teen die beskuldigde is –
  - 3.8.1 behalwe in gevalle waar die Direkteur: Regskundig reeds aldus opgetree het, die beskuldigde deur skriftelike kennisgewing verwittig van die spesifieke aard van die gedrag aan hom/haar toegeskryf en hom/haar die geleentheid gee om 'n skriftelike verduideliking of antwoord te verstrek binne 30 dae na die datum van sodanige kennisgewing, en hom/haar terselfdertyd waarsku dat sodanige verduideliking of antwoord as getuieis teen hom/haar gebruik kan word;
  - 3.8.2 te eniger tyd, of die Komitee ook reël 3.8.1 toegepas het of gaan toepas al dan nie, die beskuldigde versoek om op sodanige tyd en plek te verskyn as wat die Komitee mag bepaal om die saak te verduidelik of verklaar of bespreek sonder inkorting van sy/haar regte.
- 3.9 Indien die Ondersoekkomitee na oorweging van die klag en die verduideliking of antwoord van die beskuldigde, hetsy geskrewe of mondeling, tevrede is dat –



- 3.9.1 die beskuldigde 'n aanneemlike antwoord of verduideliking verstrek het in verband met die gedrag aan hom/haar toegeskryf; of
  - 3.9.2 die gedrag aan die beskuldigde toegeskryf nie onbehoorlike gedrag uitmaak nie; of
  - 3.9.3 daar geen redelike vooruitsig is om te bewys dat die beskuldigde aan die gedrag aan hom/haar toegeskryf, skuldig was nie;
- kan dit besluit om die saak nie verder te voer nie en moet die klaer en die beskuldigde dienooreenkomstig verwittig word.
- 3.10 Indien die beskuldigde erken dat hy/sy skuldig was aan die onbehoorlike gedrag aan hom/haar toegeskryf, moet die Ondersekkomitee die beskuldigde vra om vertoë te rig of voorleggings te doen met betrekking tot die straf wat opgelê moet word en hom/haar 'n redelike tyd gun om sodanige vertoë te rig of voorleggings te doen. Nadat die Ondersekkomitee dan sodanige vertoë of voorleggings oorweeg het, kan dit die beskuldigde enige straf oplê wat dit bevoeg is om op te lê.
  - 3.11 Enige geval van beweerde onbehoorlike gedrag wat nie afgehandel is nie soos in reëls 3.7, 3.9 of 3.10 bepaal nie, vorm die onderwerp van 'n verhoor of ondersoek wat deur die Dissiplinêre Komitee afgeneem of ingestel moet word ooreenkomstig die prosedure in reël 4 uiteengesit.
  - 3.12 Waar die Ondersekkomitee ooreenkomstig reëls 3.7, 3.9 en 3.10 optree, sal dit daarvoor verslag doen aan die Raad.
  - 3.13 Die Ondersekkomitee moet in 'n gepaste vorm rekord hou van die verrigtinge daarvan.

#### **4 PROSEDURE BY VERHORE**

- 4.1 Verhore sal deur die Dissiplinêre Komitee in publiek gehou word op 'n plek wat deur die Komitee bepaal word, tensy daar gebiedende redes is waarom die verhoor in camera moet plaasvind.
- 4.2 In die geval van beweerde onbehoorlike gedrag wat die onderwerp van 'n verhoor moet uitmaak, moet die Direkteur: Regskundig die beskuldigde in 'n vorm so na moontlik aan dié van bylaag A van hierdie Reëls in kennis stel van die aard van die aanklag teen hom/haar ingebring. Terselfdertyd moet die beskuldigde van 'n afskrif van hierdie Reëls voorsien word en moet hy/sy gewaarsku word dat enige skriftelike antwoord wat hy/sy op die aanklag mag indien as getuienis teen hom/haar gebruik kan word.
- 4.3 Die kennisgewing waarna in reël 4.2 verwys word, word aan die beskuldigde beteken by sy/haar geregistreerde adres of by ontstentenis daarvan, by sy/haar jongste bekende adres op die wyse wat deur artikel 24(2) van die Wet voorgeskryf is: Met dien verstande dat die beskuldigde skriftelik van die bepaling van hierdie reël afstand mag doen.
- 4.4 Die beskuldigde moet sy/haar skriftelike antwoord op die kennisgewing waarna

in reël 4.2 verwys word, binne 21 dae vanaf ontvangs daarvan (of sodanige langer tydperk as wat die Komitee mag toelaat) indien. In sy/haar antwoord moet hy/sy die grondslag van sy/haar verdediging teen hierdie klag uiteensit; met die voorbehoud dat dit genoegsame nakoming van hierdie reël sou wees indien die beskuldigde skriftelik versoek dat enige vorige antwoord aan die Ondersekkomitee ooreenkomstig reël 3.8 sy/haar antwoord op die kennisgewing vorm. Indien die beskuldigde versuim om te voldoen aan die vereistes van hierdie reël, en die Raad as gevolg daarvan onnodige onkoste aangaan, mag die Dissiplinêre Komitee beveel dat die koste van die beskuldigde verhaal word, ongeag daarvan of die beskuldigde skuldig bevind word op die klag.

- 4.5 In alle gevalle waar die klaer of beskuldigde die wens uitspreek dat getuies gedagvaar moet word om getuienis af te lê of waar die Dissiplinêre Komitee self enige getuie, met inbegrip van die klaer, wil dagvaar, moet die voorsitter van die Raad of 'n persoon deur die Raad daartoe gemagtig die nodige dagvaardings onderteken. Die dagvaardigings moet in die vorm so na moontlik aan dié van bylaag B van hierdie Reëls wees.
- 4.6 Waar die beskuldigde die wens uitspreek om 'n getuie te laat dagvaar om getuienis af te lê, moet hy/sy 'n bedrag geld by die Raad deponeer wat voldoende is om die koste van die dagvaardiging van sodanige getuie te dek. Nadat sodanige koste uit hierdie bedrag betaal is, word die oorblywende saldo aan die beskuldigde terugbetaal.
- 4.7 Alle mondelinge getuienis kan onder eed of bevestiging afgeneem word, en moet deur die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee afgeneem of aangeneem word.
- 4.8 Wanneer enige geval van onbehoorlike gedrag die onderwerp van 'n verhoor gaan uitmaak, mag die Dissiplinêre Komitee 'n prokureur of 'n advokaat of die sekretaris aanstel om die saak voor die komitee te stel (hierna die pro forma-klaer genoem), en indien 'n pro forma-klaer aangestel word, word alle getuienis ter staving van die aanklag teen die beskuldigde deur die pro forma-klaer gelei en aangevoer.
- 4.9 Waar 'n pro forma-aanklaer aangestel word om op te tree by 'n verhoor mag die Raad een of meer praktisyns aanstel om hom/haar by te staan.

#### **4.10 Die beskuldigde is persoonlik teenwoordig, pleit onskuldig en 'n pro forma-aanklaer word aangestel**

Waar die beskuldigde persoonlik teenwoordig is by die verhoor waarby 'n pro forma-aanklaer aangestel is om op te tree, sal die prosedure soos volg wees:

- 4.10.1 Die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of die Direkteur: Regskundig lees die kennisgewing van die verhoor voor wat aan die beskuldigde gerig is, tensy die beskuldigde of sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik deur hom/haar skriftelik daartoe gemagtig instem om van die voorlees van sodanige kennisgewing af te sien.

- 4.10.2 Die pro forma-klaer stel sy/haar saak en voer die getuienis ter staving daarvan aan. Die beskuldigde of sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik skriftelik daartoe gemagtig is, is geregtig om die getuies wat deur die pro forma-klaer gebring is, onder kruisverhoor te neem.
- 4.10.3 Na afsluiting van die saak deur die pro forma-klaer voorgelê, word aan die beskuldigde die geleentheid gegee om óf self óf deur sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik skriftelik deur hom/haar daartoe gemagtig is, sy/haar saak of verdediging te stel, en daarna getuienis ter staving daarvan aan te voer. Indien die verdediging skriftelik gestel word, word die verklaring voorgelees. Die pro forma-klaer is geregtig om die beskuldigde (as hy/sy gekies het om getuienis af te lê) en al sy/haar getuies onder kruisverhoor te neem.
- 4.10.4 Na afsluiting van die saak vir die beskuldigde, ongeag of die beskuldigde getuienis aangevoer het al dan nie, hoor die Dissiplinêre Komitee die pro forma-klaer oor die saak in die algemeen, maar hoor die Komitee geen verdere getuienis nie tensy dit in 'n spesiale geval regverdig geag word om sodanige verdere getuienis te ontvang. Na afsluiting van die pro forma-klaer se betoog is die beskuldigde of sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik skriftelik deur hom/haar daartoe gemagtig is, geregtig om die Dissiplinêre Komitee toe te spreek oor die saak ter verdediging van die beskuldigde. Die pro forma-klaer is nie geregtig om op die betoog repliek te lewer nie, tensy –
- 4.10.4.1 die beskuldigde of sy/haar genoemde verteenwoordiger verdere getuienis na die betoog van die pro forma-klaer aangevoer het, en in dié geval moet die repliek beperk word tot sake wat uit sodanige getuienis voortspruit, of
- 4.10.4.2 die beskuldigde of sy/haar genoemde verteenwoordiger in die betoog 'n regs kwessie geopper het, in welke geval die repliek beperk moet word tot die regs kwessie wat aldus geopper is.
- 4.10.5 Waar 'n getuie deur enigeen van die partye gebring word, word sodanige getuie eers ondervra deur die party wat hom/haar gebring het en dan onder kruisverhoor geneem deur die teenparty en dan weer ondervra deur die party wat hom/haar gebring het.

#### **4.11 Beskuldigde nie teenwoordig nie en 'n pro forma-klaer word aangestel**

Waar die beskuldigde nie teenwoordig is of verteenwoordig word nie by 'n verhoor waarby 'n pro forma-klaer aangestel is om op te tree, sal die prosedure soos volg wees:

- 4.11.1 Bewys van die betekening van die kennisgewing van die verhoor aan die beskuldigde word aan die Dissiplinêre Komitee voorgelê, maar dit is nie nodig dat sodanige kennisgewing voorgelees word nie tensy die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee dit gelas.

- 4.11.2 Die pro forma-klaer stel sy/haar saak en voer dan getuienis aan ter staving daarvan.
- 4.11.3 Vir toepassing van paragraaf 4.11.2 hiervan is dit nie nodig om formele getuienis onder eed af te lê nie en die Dissiplinêre Komitee kan enige skriftelike verklaring of getuienis wat deur die pro forma-klaer as getuienis aangevoer word, oorweeg en daarvan kennis neem.

#### **4.12 Beskuldigde pleit skuldig en 'n pro forma-klaer word aangestel**

Indien 'n beskuldigde of sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik skriftelik deur hom/haar daartoe gemagtig is, in die geval van 'n verhoor waarby 'n pro forma-klaer aangestel is om op te tree, die Dissiplinêre Komitee in kennis stel dat die beskuldigde op een of meer of al die aanklagte skuldig pleit, kan die Dissiplinêre Komitee na goedgeskiedenis die beskuldigde aan sodanige aanklag of aanklagte skuldig bevind sonder om enige getuienis te hoor, of nadat dit sodanige getuienis as wat dit goed ag, gehoor het. In daardie geval sal die prosedure soos volg wees:

- 4.12.1 Die beskuldigde of sy/haar genoemde verteenwoordiger is geregtig om getuienis ter strafversagting aan te voer. Die pro forma-klaer is geregtig om die beskuldigde (as hy/sy gekies het om getuienis af te lê) en al sy/haar getuies onder kruisverhoor te neem en om weerleggende getuienis aan te voer. Die beskuldigde of sy/haar genoemde verteenwoordiger is geregtig om enige getuies wat deur die pro forma-klaer geroep is, onder kruisverhoor te neem. Enige getuie (met inbegrip van die beskuldigde) kan weer ondervra word deur die party wat hom/haar gebring het.
- 4.12.2 Na afsluiting van sodanige getuienis of by ontstentenis daarvan is die pro forma-klaer geregtig om die Dissiplinêre Komitee toe te spreek oor die kwessie van watter straf die beskuldigde opgelê moet word. Na afsluiting van sodanige betoog is die beskuldigde of sy/haar genoemde verteenwoordiger geregtig om die Dissiplinêre Komitee oor dieselfde aangeleentheid toe te spreek. Die pro forma-klaer is nie geregtig om op die betoog repliek te lewer nie tensy die beskuldigde of sy/haar genoemde verteenwoordiger in sy/haar betoog 'n regs-kwessie geopper het en in dié geval moet die repliek beperk word tot die regs-kwessie wat aldus geopper is.

#### **4.13 Die beskuldigde is teenwoordig en geen pro forma-klaer is aangestel nie**

Waar die beskuldigde teenwoordig is by 'n verhoor waarby 'n pro forma-klaer nie aangestel is om op te tree nie, sal die prosedure soos volg wees:

- 4.13.1 Die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of die sekretaris lees die kennisgewing van die verhoor voor wat aan die beskuldigde gerig is, tensy die beskuldigde of sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik skriftelik deur hom/haar daartoe gemagtig is, instem om van die voorlees van sodanige kennisgewing af te sien.

- 4.13.2 Die Dissiplinêre Komitee hoor en ondervra sodanige getuies, as daar is, as wat gedagvaar is om getuienis af te lê met betrekking tot die aanklag of aanklagte teen die beskuldigde ingebring. Die beskuldigde of sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik skriftelik deur hom/haar daartoe gemagtig is, is geregtig om enige sodanige getuie onder kruisverhoor te neem.
- 4.13.3 Na afsluiting van die saak wat teen die beskuldigde voorgelê is, word aan hom/haar die geleentheid gegee om óf self óf deur sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik skriftelik deur hom/haar daartoe gemagtig is, sy/haar saak of verdediging te stel en daarna getuienis ter staving daarvan aan te voer. Indien die verdediging skriftelik gestel is, word die verklaring voorgelees.
- 4.13.4 Na afsluiting van die saak vir die beskuldigde is laasgenoemde of sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik skriftelik deur hom/haar daartoe gemagtig is, geregtig om die Dissiplinêre Komitee toe te spreek oor die saak ter verdediging van die beskuldigde.

#### **4.14 Beskuldigde nie teenwoordig nie en geen pro forma-klaer is aangestel nie**

Waar die beskuldigde nie by 'n verhoor teenwoordig is of verteenwoordig word nie en 'n pro forma-klaer nie aangestel is om by sodanige verhoor of ondersoek op te tree nie, kan die Dissiplinêre Komitee sodanige prosedure volg as wat dit in die volstreekte diskresie daarvan mag goed ag, en kan die Komitee enige verklaring, getuienis of inligting, hetsy skriftelik of mondeling, wat voorgelê word, oorweeg en daarvan kennis neem.

#### **4.15 Beskuldigde pleit skuldig, is nie teenwoordig nie en geen pro forma-klaer is aangestel nie**

Tydens 'n verhoor of ondersoek waarby 'n pro forma-klaer nie aangestel is om op te tree nie en die beskuldigde nie teenwoordig is of verteenwoordig word nie, maar die Dissiplinêre Komitee in kennis gestel het dat die beskuldigde aan een of meer of al die aanklagte skuldig pleit, kan die Dissiplinêre Komitee na goeë dunde die beskuldigde op sodanige aanklag of aanklagte skuldig bevind sonder om enige getuienis te hoor of nadat dit sodanige getuienis as wat goed geag word, gehoor het, en kan die Komitee enige verklaring, getuienis of inligting, hetsy skriftelik of mondeling, wat ter strafversagting voorgelê word, oorweeg en daarvan kennis neem.

#### **4.16 Algemeen**

- 4.16.1 Waar 'n verhoor aan die gang is en enige persoon wie se getuienis van wesenlike belang mag wees nie as getuie óf deur die pro forma-klaer óf deur die beskuldigde geroep is nie, kan die Dissiplinêre Komitee sodanige persoon as getuie roep.
- 4.16.2 Lede van die Dissiplinêre Komitee kan deur bemiddeling van of met die toestemming van die voorsitter, sodanige vrae as wat hulle wenslik ag

- aan die klaer, die beskuldigde (as hy/sy gekies het om getuienis af te lê) of die getuies stel.
- 4.16.3 Die pro forma-klaer kan, met die toestemming van die Dissiplinêre Komitee, enige aanklag terugtrek te eniger tyd voordat 'n bevinding daarvoor uitgespreek is.
  - 4.16.4 Enige beslissing van die Dissiplinêre Komitee met betrekking tot enige aspek wat in verband met of in die loop van 'n verhoor ontstaan, mag *in camera* geneem word.
  - 4.16.5 Die Dissiplinêre Komitee kan van die prosedure in hierdie Reëls voorgeskryf, afwyk wanneer dit na die mening daarvan dienstig en redelik is om dit te doen, mits die beskuldigde of sy/haar verteenwoordiger wat behoorlik skriftelik deur hom/haar daartoe gemagtig is, daartoe instem.
  - 4.16.6 In die geval waar enige kwessie of prosedure ontstaan waarvoor geen voorsiening in hierdie Reëls gemaak word nie, bepaal die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee na goëddunke die prosedure wat gevolg moet word.
  - 4.16.7 Enige afwyking van die bepalings van hierdie Reëls maak nie die verrigtinge by 'n verhoor ongeldig nie, tensy sodanige afwyking die beskuldigde wesenlik benadeel of verontreg het of daarop bereken was om dit te doen.
  - 4.16.8 Na afsluiting van die verrigtinge by 'n verhoor, beraadslaag die Dissiplinêre Komitee *in camera* oor die saak, en deel die voorsitter onverwyld, of op sodanige later datum as wat die Dissiplinêre Komitee bepaal, die bevindinge en vonnis, as daar is, mee aan die beskuldigde en klaer.
  - 4.16.9 Waar ook al die Dissiplinêre Komitee ingevolge reël 4.16.8 optree, moet aan die Raad verslag gedoen word.
  - 4.16.10 Die Dissiplinêre Komitee sal notule laat hou, in 'n vorm wat pas by die aard van 'n bepaalde verhoor of ondersoek, van die verrigtinge by sodanige verhoor of ondersoek.

## EINDNOTAS

1. Gewysig deur Raadsresolusie B2133 met ingang vanaf 29 September 1992.  
Weer gewysig deur Raadsresolusie B2346 met ingang vanaf 9 Junie 1999.  
Weer gewysig deur Uitvoerende Komitee Resolusie E3637 met ingang vanaf 6 Februarie 2001.
2. Gewysig deur Raadsresolusie B.2417 gedateer 10 & 11 Junie 2002.
3. Gewysig deur Raadsresolusie B 2372 gedateer 14 Maart 2000.
4. Ingevoeg deur Uitvoerende Komitee Resolusie E3600 gedateer 11 April 2000.

## BYLAAG A VORM VAN KENNISGEWING

Aan .....  
U word hiermee in kennis gestel dat 'n verhoor kragtens artikel 23 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs*, 1991 (Wet 80 van 1991) soos gewysig, afgeneem sal word by die hoofkantore van die Raad op ..... 20.....  
om ..... deur die Dissiplinêre Komitee, wanneer die volgende aanklag wat teen u ingebring is, oorweeg sal word:

U word hiermee in kennis gestel dat u geregtig is om self by bogenoemde verhoor te verskyn, of dat u deur 'n ander persoon, behoorlik skriftelik deur u daartoe gemagtig, daarby verteenwoordig kan word en dat u in u belang getuienis kan aanvoer en getuies kan roep en ondervra, en ander getuies onder kruisverhoor kan neem.

Daar word van u verwag om die basis van u verdediging teen die aanklag(te) teen ..... te verstrek, maar sou u wens dat u brief van ..... u verduideliking of verdediging moet vorm, moet u my asseblief nie later nie as ..... dienoooreenkomstig in kennis stel. U word hiermee gewaarsku dat enige sodanige mededeling by sodanige verhoor as getuienis teen u gebruik kan word.

U word hiermee in kennis gestel dat u rekord van vorige veroordelings (indien daar was) deur die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, of enige komitee van die Raad, in ag geneem sal word by die bepaling van die vonnis wat opgelê sal word indien u op bostaande aanklag skuldig bevind word.

Indien u versuim om te verskyn, kan die Dissiplinêre Komitee in u afwesigheid die aanklag oorweeg en ooreenkomstig die *Dissiplinêre reëls* handel.

'n Afskrif van die *Dissiplinêre reëls* word ingesluit.

Gegee onder die handtekening van die Direkteur op hede die ..... dag van .....20 .....

.....  
*Direkteur: Regskundig*  
*Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad*

## BYLAAG B VORM VAN DAGVAARDING

Aan .....

Hiermee word u aangesê om persoonlik te ..... op ..... 20 ..... om ....., voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn in verband met 'n verhoor ingevolge artikel 23 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs*, 1991 (Wet 80 van 1991) soos gewysig, met betrekking tot die gedrag van sekere mnr/me ....., U word verder aangesê om die dokumente in die lys hieronder gespesifiseer, saam met u te bring en dan voor te lê en om daar en dan by die ondersoek te getuig.

### Lys van dokumente wat voorgelê moet word

.....  
.....  
.....

Gegee onder die handtekening van die ..... van die ..... op hede die dag van ..... 20 .....

.....  
*Hoedanigheid van ondertekenaar*